

Die geskiedenis van onderstokke in Suid-Afrika (Deel 4)

Sleutelwoorde: Onderstokke, Richter 99, Richter 110, eienskappe.

Hierdie is die vierde artikel in 'n reeks oor die geskiedenis van onderstokke in Suid-Afrika en fokus op die aanwending en aanpasbaarheid van die kommersiële onderstokke Richter 99 en Richter 110 in die Suid-Afrikaanse wingerdbedryf. Daar word in besonderhede gekyk na die mees geskikte grondsoorte en die streke waar dit wyd aangeplant is, asook waar dit met verloop van tyd verdwyn het en die redes daarvoor. Kommentaar word ook gelewer oor die toekoms van elke onderstok.

Kommersiële onderstokke in Suid-Afrika


Onderstaande tabel lys die kommersiële onderstokke wat in Suid-Afrika gebruik word, die kruisingsouers van elk en die jaar waarin dit geselekteer/geteel is.

Onderstok	Kruisingsouers	Teler en jaar
Richter 99	<i>V Berlandieri</i> x <i>V rupestris</i>	Richter, 1889
Richter 110	<i>V Berlandieri</i> x <i>V rupestris</i>	Richter, 1889
101-14	<i>V riparia</i> x <i>V rupestris</i>	Millardet en de Grasset, 1882
Ramsey	<i>V Champinii</i>	Munson, 1900
Paulsen 1103	<i>V Berlandieri</i> x <i>V rupestris</i>	Paulsen, 1895
Ruggeri 140	<i>V Berlandieri</i> x <i>V rupestris</i>	Ruggeri, 1897
SO 4	<i>V Berlandieri</i> x <i>V riparia</i>	Teleki, 1896
US 8-7	<i>V Berlandieri</i> x <i>V rupestris</i> x <i>Jacquez</i>	Orffer, 1956
143 B	<i>V vinifera</i> cv <i>Aramon</i> x <i>V riparia</i>	Millardet en de Grasset, 1882

Die volgende gedeelte handel oor die eienskappe en prestasie van bogenoemde onderstokke in die Suid-Afrikaanse wyn-, tafel- en rosyntjiedryf. Uitgebreide ondervinding van die prestasie van hierdie onderstokke is beskikbaar weens die feit dat die meeste al dekades lank kommersieel gebruik word, en sommige selfs meer as 100 jaar.

Die wingerdstreke van Suid-Afrika is uiteenlopend wat grond en klimaatstoestande betref. Onderstokprestasie en aanpasbaarheid by bepaalde streke kan drasties verskil. Dis gevaarlik om met gebrekkige ondervinding onderstokprestasie tussen streke te ekstrapoleer, des te meer komende van oorsese bronne, omdat toestande soveel varieër. Dit blyk duidelik uit navorsingsresultate en gepubliseerde inligting van onderstokprestasie in die literatuur.

Die gebruik van 'n bepaalde onderstok wat goeie en konsekwente resultate lewer, word mettertyd 'n lewenswyse vir die produsent en is baie moeilik om te verander. Dit is ooglopend in gesprekke met produsente dat onderstokvoorkeur mettertyd tradisioneel raak, selfs al is beter opsies dalk beskikbaar. Enige nuwe onderstok moet dus goed vaar oor 'n verlengde tydperk (ten minste 20 jaar) en ten minste beter presteer as die een wat tans gebruik word voordat dit aanvaar en op groot skaal gebruik sal word. Suid-Afrikaanse boere is goed georganiseer in terme van boerverenigings en studiegroepe waar kennis en ondervinding gereeld uitgeruil en navorsingsresultate aangebied word. Vanaf die vroegste dae wat onderstokke gebruik is, is onderstok-proefpersele in wingerdstreke op die grond van kom-



mersiële boere gevestig. Dit was uiters waardevol, aangesien onderstokprestasie onder kommersiële toestande geëvalueer kon word.

Onderstaande besprekings van die gebruik van onderstokke in Suid-Afrika verteenwoordig nie 'n literatuurstudie nie; dit is 'n praktiese opsomming van ondervinding wat die afgelope 19 jaar as tegnikus in die veld opgedoen is. Insette van wingerdboukundiges en boere met 30 en 40 jaar ondervinding het waardevolle bydraes gelewer waar onderstokke vir alle praktiese doeleindes reeds van die toneel verdwyn het. Alhoewel meer as 100 verskillende onderstokke in die Suid-Afrikaanse wingerdgeskiedenis getoets en beproef is, is daar deesdae net nege in kommersiële gebruik. Dit is 'n positiewe ontwikkeling vergeleke met die onderstokkeuses wat in ander lande aangetref word, veral in Europa en die VSA. Met minder beskikbare keuses is die besluit oor watter onderstok om te gebruik nie so moeilik nie. Dit beteken ook dis makliker om 'n wye reeks moederblok aanplantings van onderstokkultivars te vestig, in stand te hou en kostedoeltreffend te bestuur.

Richter 99

Richter 99 is in 1889 in Frankryk deur Franz Richter ontwikkel en in 1927 na Suid-Afrika ingevoer. Nuwe klone is later ook uit Italië, Frankryk en die VSA ingevoer. Dit is 'n kruising tussen *Vitis Berlandieri* en *Vitis rupestris*. Richter 99 beskik oor van die beste affiniteit met kommersiële *Vitis vinifera*-kultivars. Dit word nie as 'n goeie onderstok vir tafeldruiwes beskou nie, omdat dit swak vrugset induseer.

Richter 99 het sterk groeikrag (vir groeikrag potensiaal kry dit 'n hoë telling van 4 uit 5) en dit word as 'n baie goeie onderstok onder droëland toestande vir 'n wye reeks grondsoorte, van vlak en kompakt tot diep, leemsand, beskou. Die sterk groeikrag en diep, goedvertakte wortelstelsel is in staat om vir vog in die diepste grondlae te soek, met sommige wortels wat dieper as die vlak van grondvoorbereiding penetreer. Die onderste limiet vir reënval (meestal in die winter) vir wyndruifproduksie in Suid-Afrika is ongeveer 400 mm per jaar, wat algemeen is in sekere areas van die Swartland. Richter 99 was en bly die vlagskip onderstok in hierdie streek, omdat dit uitstekend aangepas is by die strawwe en droë somertoestande sonder besproeiing. Sterk groeikrag is 'n belangrike eienskap vir droëland wingerdbou, veral in 'n warm klimaat, aangesien wortels in die diepste grondlae vir vog moet soek. Wingerde in die Swartland word tradisioneel as bosstokke verbou, met gemiddelde opbrengste van 6 - 10 ton/ha. Agter-Paarl rondom die Paardeberg (gronde met 'n graniet, skalie en grouwak oorsprong) en die hellings van die Drakensteinberge, waar die oorsprong van die grond meestal granietagtig is (Glenrosa-grondvorm), is almal gebiede waar Richter 99 aangewend word. Gronde in hierdie gebiede kompakteer maklik en vereis 'n sterk onderstok. Tipiese grondsoorte sluit in Swartland, Klappmuts, Glenrosa, Oakleaf, Clovelly en Hutton.

Richter 99 is ook baie goed aangepas by vry kalk in die grond (tot en met 17% aktiewe kalk), maar toon ook goeie aanpasbaarheid by lae pH-grondtoestande soos wat algemeen in die kusstreke van

